

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 April 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HEER, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Gebed

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewige vrede.

Skriflesing: 1 Korintiërs 11:17-34; Heidelbergse Kategismus, Sondag 30:81-82

Kernvers: 1 Korintiërs 11:28-29

Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. (1 Korintiërs 11:28-29 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself (a).

(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.

Vraag 82: Moet dié mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.

Tema: Wie mag nagmaal vier?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het al in vorige gesprekke opgemerk dat daar groot verskille was oor die sakramente tydens die Hervorming in die sestiende en sewentiende eeu. Dit is om hierdie rede dat die antwoorde wat die gelowige bely oor die doop en nagmaal so lank en uitgebreid is. Die verskille oor die sakramente is egter nog nooit heeltemal bygelê nie. Ons het by die doop al opgemerk van die verskille wat daar steeds heers. Daar is mense wat van oordeel is dat net volwassenes wat hulle geloof bely het gedoop moet word. Kinders kan nie gedoop word nie omdat hulle volgens hierdie mense nog nie glo nie. Ons gereformeerdes glo en bely dat kinders van gelowige ouers kragtens die verbond van die Here ook gedoop moet word.

Wanneer dit by die nagmaal kom, kom ons agter dat daar ook verskille bestaan tussen die verskillende kerke en baie maal is daardie verskille oor die nagmaal ook binne-in 'n gemeen-te. Die verskille waarvan ons hier praat, is die verskil oor wie nagmaal mag vier. Daar is mense en kerke wat van oordeel is dat enigiemand kan nagmaal vier wanneer hy in sy hart oortuig is dat hy aan die heilige tafel van die Here mag gaan sit. Hierdie mense sê so omdat hulle dink dat geloof net 'n saak tussen die gelowige en die Here is en niemand anders iets daarvoor te sê het nie. Die argumente wat hierdie voorstanders van 'n oop nagmaalstafel is soms ook met baie emosie belaa. Hulle sê goed soos: Wie weet dit is miskien die laaste maal wat iemand nagmaal kan vier en nou wil jy so iemand hierdie voorreg ontnem.

Afgesien van die mense wat sê dat die nagmaalstafel vir alle gelowiges en soms sommer vir enigiemand oop moet wees, is daar ook in die laaste jare mense wat vra hoekom mag kinders nie nagmaal vier nie. Hulle regverdig die bediening van nagmaal aan kinders met die argument dat kinders in die Ou Testament deel gehad het aan die pasga. Daarom wil hulle hê dat kinders ook nagmaal vier.

Broers, susters en kinders, in Sondag 30 bely ons wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom en ons bely ook wie nie aan die tafel van die Here mag kom nie. Kom ons bestudeer ons belydenis aan die hand van 1 Korintiërs 11 sodat ons toegerus kan wees om openlik te getuig van die hoop wat in ons leef.

In die kerk van Korinte was die hele samekoms op 'n Sondag heelwat anders as wat ons dit vandag ken en doen. Tydens hulle samekoms het die gemeente eers 'n gesamentlike ete gehad wat die liefdesmaaltyd genoem is. Die kos is dan op 'n gemeenskaplike tafel gesit sodat almal daarvan kon eet. So het die gemeente verseker dat selfs die armes in die kerk op daardie dag 'n goeie maaltyd sou hê.

Gelowiges is egter nie volmaakte mense sonder sonde nie. En die duiwel het sy kans waargeneem om die eenheid in die kerk van Korinte te verskeur. Hy het gebruik gemaak van die selfsug wat nog in die lidmate is om onmin te saai en te veroorsaak dat hulle selfs

die nagmaal op 'n onwaardige wyse gehou het. Dit was so erg dat Paulus sê dat hulle nie eers meer die nagmaal gevier het nie. Wanneer die gemeente dan saamgekom het, het die wat baie het eerder gou hulle eie kos opgeëet, met die gevolg dat sommige honger bly en ander te veel drink. Die armes wat gemeen het om by die liefdesmaaltyd versorg te word, is nie versorg nie. Hierdie optrede het daartoe gelei dat die liefdesmaaltyd glad nie meer 'n liefdesmaaltyd was nie. Die armes en die slawe is ongelukkig en die rykes het hulle ooreet en te veel gedrink. So is die eenheid in die kerk van Korinte versteur.

Na afloop van die liefdesmaaltyd het hulle oorgegaan tot die nagmaalrediens. Nou sit die wat honger is met verbittering in hulle hart aan die tafel van die Here en van die rykes sit daar, oordrink en ooreet, en hulle kan nie meer onderskei tussen 'n gewone maaltyd en die nagmaal nie. Die doel van die nagmaal is immers om dit tot gedagtenis aan Christus te vier. Dit is tog die Here se bevel. Hoe kan 'n mens nagmaal vier tot gedagtenis van Christus as jy verbitter is teenoor iemand anders aan die tafel of as jy te veel gedrink het.

Die Here spreek deur Paulus 'n baie ernstige waarskuwing oor hierdie onwaardige wyse waarop die Korintiërs nagmaal gevier het. Hy sê: Wie op 'n onwaardige wyse nagmaal vier, is skuldig aan die liggaam en bloed van die Here. Wie so nagmaal vier, kry nie deel aan die lyding en sterwe van Christus nie. Hy bevind homself eerder in die geselskap van die mense wat Jesus laat kruisig het omdat hulle van Hom wou ontslae raak.

Daarom word die gelowige opgeroep om selfondersoek te doen voordat hy nagmaal vier en sodat hy nagmaal kan vier. Selfondersoek beteken dat 'n gelowige sy eie lewe onder die vergrootglas moet sit en dit met die Woord van God vergelyk. Die ware gelowige sal dit biddend doen. Hy vra die Heilige Gees om hom te help sodat hy eerlik na sy lewe kan kyk in die lig van die Woord.

Nou waarvoor moet 'n mens in jou lewe soek en vind wanneer jy selfondersoek doen? Die gelowige moet ondersoek of hy vanweë sy sondes 'n afkeer van homself het. Dit wil sê, 'n mens moet bewus wees daarvan dat jy 'n sondaar is. Maar jy kan nie net kennis daarvan neem dat jy 'n sondaar is nie. Selfondersoek moenie daarop uitloop dat 'n mens sê: Ek is 'n sondaar, maar ag, alle mense is mos sondaars, nie.

Egte selfondersoek loop daarop uit dat 'n mens 'n afkeer van jouself het oor jou sondes. Die woord *afkeer* is baie skerp. Dit beteken dat jy jouself oor jou sondes moet verafsku. Wie 'n afkeer van homself het oor sy sondes, word hartseer en hy treur omdat hy met sy sondes homself skuldig gemaak het teenoor die Here. Jy besef dan dat jy die Here geminag het, want jy het jou nie aan Hom gesteur toe Hy jou gewaarsku het nie. Jy het gemaak soos jy wil.

Maar die Heilige Gees lei die gelowige om nog 'n beter begrip van sy sondes te kry deur hom by die kruis van Jesus Christus te bring. Dit is daar by die kruis van Christus dat die gelowige agterkom hoe baie die Here die sonde verafsku. Dit is so erg dat Hy sy Seun vir jou sondes aan die kruis gestraf het met die bittere en smadelike dood. Wie besef hoe erg en hoe groot sy sondes is, het van harte berou oor die verkeerde dinge wat hy gedoen het.

Die gelowige bely dan sy sondes voor die Here en vra om vergifnis by God, want hy vertrou dat God hom ter wille van Christus sy sondes sal vergewe. *Vertrou* beteken om met jou volle gewig op Jesus Christus te steun. Die gelowige weet dat hyself niks kan doen om sy sondes weg te neem nie. Daarom steun hy voluit op Christus se volmaakte gehoorsaamheid en geregtigheid. Hy vertrou ook dat die swakhede wat nog in hom oor is

met Christus se lyding en sterwe bedek is voor God se oë.

Omdat die gelowige van harte op Christus vertrou en glo dat Christus hom ook van sy sondes verlos het, brand daar 'n begeerte in sy hart. Hy begeer dat sy geloof in Christus nog sterker sal groei. Verder begeer hy ook om sy lewe hoe langer hoe meer te verbeter deur van die sonde weg te vlug en dit te haat.

Die gelowige wat onder leiding van die Heilige Gees hierdie dinge in sy lewe ontdek het, weet dat hy nie volmaak en sonder sonde is nie, maar hy begeer om met Christus een te word. Hy weet dat hy net deur Christus voor God kan verskyn en leef, daarom kan en mag hy nagmaal vier.

Uit hierdie belydenis van ons word dit duidelik dat die nagmaal bedoel is vir hulle wat waarlik in God glo en hulle werklik van hulle sondes bekeer het. Dit wil sê, jy moet ernstig wees oor jou verhouding met die Here, want die nagmaal is heilig. Ek moenie voorgee dat ek in Christus glo en net maak asof ek regtig vir die Here omgee nie. Daarom bely ons dat huigelaars – dit is mense wat maak asof hulle ernstig is oor die Here, maar nie regtig is nie – nie nagmaal moet vier nie. As hulle nagmaal vier, eet en drink hulle 'n veroordeling oor hulleself. Hulle maak hulleself skuldig aan die liggaam en bloed van die Here.

Die gemeente mag ook nie mense wat openlik goddeloos en ongelowig lewe aan die tafel van die Here toelaat nie. Mense wat byvoorbeeld die maagdelike geboorte van Christus of die feit dat Hy ware God en ware, regverdige mens is ontken, kan mos nie nagmaal vier nie. Mense wat openlik bakleierig is met ander mense en besig is om kwaad te stook, kan ook nie nagmaal vier nie. Met hulle lewe toon hulle dan dat hulle nie regtig in Christus glo nie en met hulle optrede wys hulle dat hulle nie vir Hom wil luister nie.

Wanneer 'n gemeente toelaat dat sulke ongelowige en goddelose mense nagmaal vier, is die gemeente self besig om die heilige nagmaal van die Here te minag en hulle ontheilig die verbond van God. Daarby wek hulle die toorn van die Here teen die gemeente op. Dit is wat in Korinte gebeur het. Omdat die gemeente toegelaat het dat lidmate wat openlik verkeerd teenoor mekaar optree nog steeds nagmaal vier, het die Here se toorn teen die gemeente laat ontbrand. Paulus sê vir hulle dis daarom dat daar so baie van hulle siek is en daar selfs al van die lidmate gesterf het.

Paulus het hierdie uitspraak nie gemaak omdat hierdie gemeente van Korinte hom so baie hartseer besorg het nie. Die Heilige Gees het hom geleer wat gebeur het in die dae van koning Hiskia. In 2 Kronieke 30 leer die Heilige Gees dat daar weer in die tyd van Hiskia begin is om die pasga te vier. Baie van die mense wat na die pasga gekom het, het hulle nie gereinig soos wat die Here voorskryf nie en het tog van die pasga geëet. Dit blyk dat hulle ook siek geword het, want hulle het 'n veroordeling oor hulleself geëet. Hiskia het vir hulle gebid en die Here het sy gebed verhoor en die mense gesond gemaak (2 Kron 30:18, 20).

Ons kom dus agter dat nie enigiemand sommer aan die tafel van die Here mag kom sit nie. En die wat wel aan die tafel gaan sit, moet gelowiges wees wat hulleself voorberei het om nagmaal te kan vier. Dit is ook nie so dat dit maar elkeen se eie saak is of hy mag nagmaal vier nie. Die hele gemeente word daarby betrek en diegene wat deur die Here daarvoor aangestel is – die ouderlinge – moet toesig hou dat die nagmaal heilig gehou word. Daarom moet ouderlinge weet wie nagmaal vier en daarom doen ouderlinge huisbesoek. Hulle is verantwoordelik om sorgvuldig te let op die leer en lewe van elke lidmaat.

Maar wat nou van kinders van gelowiges, mag hulle nagmaal vier soos wat baie mense deesdae wil hê? Die een rede wat mense aanvoer waarom kinders nagmaal behoort te vier, is omdat kinders in die Ou Testament deelgeneem het aan die pasga. Ons moet egter onthou – alhoewel Jesus die nagmaal by die laaste pasga ingestel is, is daar tog 'n verskil tussen pasga en nagmaal. Die pasga en veral die paaslam het vooruitgewys na die beter offer wat Christus sou bring, maar die hoofdoel van die pasga was 'n herinnering aan die verlossing uit Egipte. Al die Israeliete, sonder uitsondering, het deel gehad aan daardie verlossing of hulle ernstig was oor hulle verhouding met Here of nie.

Die nagmaal is egter bedoel om die gelowige se geloof te versterk dat Christus hom werklik van die duiwel en die sonde verlos het. Om in hierdie geestelike gawes te mag deel, is dit nodig dat 'n mens in Christus moet glo. Daarom is dit nodig dat jy jou moet bekeer.

'n Ander rede waarom mense wil hê dat kinders nagmaal moet vier, is omdat ons bely dat kinders net soos volwassenes die belofte ontvang dat daar verlossing is van sondes deur die bloed en Gees van Christus. Dit is waar dat kinders van gelowiges by hulle doop hierdie belofte ontvang net soos volwassenes. Maar dit is juis omdat die Here hierdie belofte maak dat kinders van gelowiges gedoop word. Tog beteken dit nie dat hulle outomaties ontvang wat aan hulle beloof word wanneer hulle gedoop word nie. Hulle ontvang die verlossing deur Christus en die vernuwende werk van die Heilige Gees slegs deur die geloof. Daarom belowe ouers om hulle kinders in die Naam van die Here groot te maak, en wanneer die Heilige Gees aan die kinders geloof gee daardie geloof kan groei. Voordat hulle dan aan die tafel van die Here kan sit, moet hulle hierdie geloof wat hulle ontvang het beoefen – hulle moet hulle geloof in God openlik bely. Die gemeente moet mos weet dat jy regtig in Christus glo sodat jy saam met hulle kan nagmaal vier. Hier kan ons dit maar duidelik sê – daar is nie 'n ouderdom deur die kerkraad vasgestel wanneer iemand belydenis van geloof mag doen nie.

Dat kinders ook moet glo en belydenis van hulle geloof moet doen voordat hulle nagmaal vier, word duidelik in ons hoofstuk. Wanneer gelowiges nagmaal vier, verkondig hulle die dood van die Here totdat Hy kom. Jy kan tog net iets verkondig wat jyself ken, en jy kan dit net geloofwaardig verkondig wanneer jy dit self glo. Jy moet glo dat Christus se dood die volmaakte betaling vir mense se sondes is.

Die gemeente vier die nagmaal tot gedagtenis van Christus. Dus moet jy kennis hê van Christus en sy werk, anders kan jy nie tot sy gedagtenis nagmaal vier nie. Wie nagmaal vier, moet kan onderskei dat die nagmaal anders is as enige ander maaltyd. Dit is 'n heilige maaltyd wat Christus ingestel vir sy gelowiges. Daarom moet kinders weet dat dit nie somer maar net brood en wyn is wat geëet en gedrink word nie. Die Here sê met groot erns dit is sy liggaam en bloed wat voedsel is vir die ewige lewe. En om nagmaal te vier moet 'n mens selfondersoek kan doen. Kinders ontvang onderrig by hulle ouers en in die gemeente sodat hulle kan leer om selfondersoek te doen.

Geliefdes, nagmaal vier is 'n saak van groot erns. Daarom kan ons dit nie somer maar doen soos wat ons wil nie. Dit is die Here se heilige tafel en Hy sê hoe ons die nagmaal behoort te vier. Mag die Heilige Gees ons almal en hierdie kerkraad lei dat ons die sakrament van die heilige nagmaal sal vier soos wat Christus dit vir ons ingestel het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-1:3, 4, 5, 6, 7 (Sb 19)

- 3 Hy 't opperys, sy swerfpad weer gegaan: / "lig neem die vader my as huurling aan."
Dié 't hom gesien en – eerste straal van hoop – / uit jammerte hom tegemoet geloop,
- 4 tot waar hy was, hom aan sy hart laat rus, / geliefkoos deur die vaderlike kus.
"My vader," roep hy uit, van misdaad sku, / "my sonde^ois teen die hemel en voor u.
- 5 "Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / "Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 "Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore,^ois eind'lik weer gevind."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 April 2018